**PJ Kriel** **18.01.2015**

**1. Lied 463: 1,2,3**

**Evangelielesing en genadetoesegging: 2 Kor. 5**

*“[16]Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. [17]Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. [19]Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.[20]Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons ’n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21]Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”*

**2. Lied 209**

**Nuwe Wet en geloofsgehoorsaamheid: 2 Kor. 5**

*“[3]Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. [4]Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. [5]Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.*

*[6]Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, [7]want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. [8]Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon. [9]Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil.”*

**3. Lied. 434:1,2,3,4**

**Skriflesing: 2 Kor. 2**

*“[12]Toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus daar te verkondig, het die Here die deure vir my wyd oopgemaak. [13]Tog het ek nie gemoedsrus gehad nie, omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie. Daarom het ek van die mense daar afskeid geneem en Masedonië toe vertrek.*

*[14]Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ’n aangename geur. [15]Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. [16]Vir dié wat verlore gaan, is dit ’n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit ’n lewensgeur wat lewe wek. En wie is tot sulke dinge in staat? [17]Ons, omdat ons nie is soos baie ander wat geld maak uit die woord van God nie. Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God.”*

**4. Lied 258:1,2,3**

**PJ Kriel** **18.01.2105**

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen gelowiges en goddeloses se hoor van die evangelie. Christene hoor die evangelie as verslossing van sonde. Goddeloses hoor dit as veroordeling van hul liefdes. Daarom soek goddeloses 'n ander evangelie waarin hulle nie van sondeskuld verlos word of van die mag van sonde verlos word nie. Hulle soek 'n evangelie in die Naam van Jesus wat sonde as liefde regverdig. Hierdie verskil word verduidelik met die voorbeeld van die verskil tussen insekdoders en velverfrissers.

**Skriflesing: 2 Kor.2: 12-17**

**Teks: 2 Kor. 2:16:** ***"Vir die wat verlore gaan is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir die wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe bring"***

**Tema: Die kennis van Christus maak ons lewend vir God, maar die wêreld dood in hulle sonde**

**1.** Die kennis van Christus is terselfdertyd 'n doodsreuk wat die dood bring en 'n lewensgeur wat lewe wek.

Een en dieselfde kennis ruik op twee maniere: dit stink na die dood en dit ruik lekker, soos vars blomme.

Dit is hoe die kennis van Christus werk. Hierdie spesifieke kennis van Christus dat Hy in ons plek as sondaars behandel word, sodat ons in ons vereniging met Hom in Sy menswees is wat Hý is: regverdig en heilig vir God in ons liefde.

**2.** Hoe kan dit só werk?

Dit maak ons veral 'n bietjie deurmekaar omdat Paulus die kennis van Christus die geur van wierook noem. Ons ken wierook. Dit is die brand van kruie en balsem wat die lug met heerlike geure verfris.

In ons eie leefwêreld is dit dan 'n lugverfrisser.

Wat ons deurmekaar maak, is dat hierdie lugverfrisser op twee maniere werk: dit is 'n doodsreuk wat dood bring, en terselfdertyd 'n lewensgeur wat lewe wek.

**3.** Wat werk so?

Dit ruik lekker en stink terselfdertyd?

Die kinders – daar ís so iets wat tegelykertyd twee soorte reuke het. Kyk wat hou ek hier in my hand! Dit is 'n insekdoder!

'n Insekdoder ruik lekker. Daarom loop jou ma in die winkelpaadjie af en kyk na al die lekker geure van die insekdoders, en kies die een wat vir haar die lekkerste ruik.

Hierdie lekker lugverfrisser maak ook terselfdertyd goggas dood.

Dit is hoe die kennis van Christus in die kerk en in die wêreld werk: in die kerk, en vir gelowiges, is die kennis van Christus 'n lewensgeur wat lewe wek, maar vir die ongelowiges in die wêreld is dit 'n doodsreuk wat hulle in hulle sonde doodmaak.

Die kennis van Christus wek lewe en maak terselfdertyd goggas dood.

**4.** Paulus beskyf hierdie kennis van Christus wat op hierdie besondere manier werk, in 2 Korintiërs 5: 21 só:

*"Christus was sonder sonde, maar God het Hom ons sonde gemaak, daarom, in ons plek as die sondaar vir ons sondes behandel. Sodat God ons nou deur ons vereniging met Christus in Christus se plek as heilig en regverdige mense behandel word."*

Hierdie tipe kennis van Christus is 'n insekdoder. Dit maak goggas dood.

**5.** Wat maak God deur hierdie kennis dood?

God maak sondeskuld deur hierdie kennis dood.

'Christus is as sondaar in ons plek behandel' beteken dat die Here die skuld, die oordeel en die vloek van ons sonde, in en deur Sy dood wérklik doodmaak.

Elke sonde wat ons doen, is Sy sonde, want God het Hom in ons plek die sondaar gemaak. Dit is 'n magsdaad van God. Deur Christus met ons te verenig, maak Hy ons sonde Christus se eie sonde in hierdie vereniging, en maak Hy hierdie skuld, straf, oordeel en vloek in Christus se dood, dood.

Op hierdie wyse maak die Here ons sonde dood sonder dat Hy óns doodmaak: straf, oordeel en vervloek.

God maak ook ons sondige aard dood in hierdie kennis van Christus.

Ons word ingebind, verenig met Christus en wie Hy in Sy menswees is. Hierdie binding maak ons geaardheid om los van God en sonder God te wil wees, ook dood. Hierdie kennis versoen ons met God. Dit is, bind ons in die liefde, goedheid, barmhartigheid en getrouheid van God in.

Daarom sê Paulus dat hierdie kennis die lewe in ons wek. Want in ons eenheid met Christus se menslike heiligheid en menslike regverdigheid voor die Wet van God en in ons versoening met God, wek Hy in ons die lewe om vir God te wil leef in hierdie heiligheid en regverdigheid, in hierdie liefde en genade van God.

**6.** Hoe ruik hierdie kennis van Christus?

Hierdie kennis dat God ons sondeskuld en ons sondige aard doodmaak en ons vir Hom en Sy wil lewend maak, sodat ons Hom in Christus se heiligheid en regverdigheid, wat ons eie is, wil liefhê, wil dien en wil eer?

Dit ruik vir ons soos wierook! Dit is ’n geur wat ons lewens verfris!

Daarom wil ons hierdie kennis hoor. Hierdie kennis is die lewensgeur wat in ons die lewe wek om skuldloos, oordeelloos en geseënd in die genade van God, Hom te kan liefhê en dien.

Orals waar die kerk van die Here hierdie kennis versprei, ruik gelowiges hierdie kennis as wierook, as die lewensgeur wat lewe wek. Die blye boodskap en die blye Evangelie.

Die verfrissende lewensgeur van die kennis van Christus!

**7.** Maar goggas ruik dit anders!

Hoe ruik goggas ’n insekdoder?

Hulle ruik hierdie verfrissende lewensgeur as ’n doodsreuk waarin hulle gaan verstik.

Dit moet ons van die Evangelie ontdek. Wie vir God verlore is, verstik en gaan dood in hierdie kennis van Christus: dat Hy ons sondeskuld, ons sondestraf, ons sonde-oordeel en sondevloek dra!

Want in die kennis van Christus hoor hulle die Evangelie totaal anders as wat gelowiges dit hoor.

Ons hoor in die kennis van Christus dat Hy die skuld, oordeel en vloek van ons sonde dra, in ons plek, en dat ons nooit vir enige sonde gestraf, geoordeel of vervloek sal word nie. En dit is vir ons verkwikkend om dit te hoor.

Hulle hoor in presies dieselfde kennis, totaal iets anders.

Hulle hoor dat Christus met Sy sterwe iets wat vir hulle goed is, as sonde wil uitmaak.

Hulle hoor dat Christus vir dit wat hulle liefhet en nooit sal sien of wil glo dat dit iets verkeerds is nie, wil gestraf, geoordeel of vervloek wees. Hulle wil nie dit hoor dat Hy hiervoor gestraf is nie, want hulle wil nie hoor dat dit wat hulle liefhet en in glo as goeds, iets is waarvoor die Here moes sterf nie.

As hulle hoor Hy moes daarvoor sterf, dan maak dit iets wat hulle liefhet en in glo, sleg en sondig. En dit wil hulle nie hoor nie.

Ons hoor die kennis van Christus as die goeie nuus dat God ons inbind en vasbind in Sy menswees op so ’n wyse dat God ons geaardheid om los en sonder God te wil

leef, in ons doodmaak. En dit is vir ons goeie nuus. Ons ruik dit as ’n lewensgeur wat lewe in ons wek: ons mag met God leef, ons mag God liefhê en dien.

Hulle hoor in presies dieselfde kennis van Christus iets anders. Die vereniging met Christus en die versoening met God is vir hulle ’n doodsreuk wat die dood bring.

Hulle hoor hulle gaan aan God vasgebind word op so wyse dat hulle nie los, vry en sonder God kan wees nie, terwyl hulle sonder Hom wíl wees. Daarom hoor hulle dat God dit wat hulle graag wil wees – los, vry en selfgenoegsaam – in hulle gaan doodmaak, en dit laat hulle verstik en wurg in wat hulle wil wees: godloos en vry.

Hierdie kennis van Christus wat vir ons die Blye Boodskap is, verstik en verwurg die wêreld in hulle liefdes en vryhede, in hulle sonde en goddeloosheid.

**8.** Die kinders! Wat maak jy met iets wat vir jou stink en wat jou laat verstik?

Jy gooi dit weg en kry iets anders in die plek daarvan wat vir jou lekker ruik en jou nie laat verstik nie.

Die kinders! Wat is hierdie wat ek nou in my hand hou?

Hierdie is ’n lugverfrisser! Wat is die verskil tussen hierdie insekdoder en hierdie lugverfrisser?

Altwee is regtig lugverfrissers!

Maar die een is ’n lugverfrisser wat goggas doodmaak, en die ander is net ’n lugverfrisser. Dit maak geen gogga ooit dood nie, selfs nie eens ’n bietjie lighoofdig nie.

Goggas hou ook van lugverfrisser. Dit ruik vir hulle ook lekker.

Wat sal julle dink, voel en maak as jou ma só maak:

Sy hou nie van die reuk van insekdoders nie. Daarom koop sy lugverfrisser vir die goggas in die huis! En wanneer jy vir haar wys maar hierdie lugverfrisser doen niks aan die goggas nie, die huis word net al meer vol van al die goggas, sy dan vir jou begin lesse gee in natuurkunde en verduidelik dat elke gogga eintlik sy plek in die wêreld het, en dat hulle eintlik ’n goeie doel dien en dat hulle eintlik onskadelik is.

Daarom moet jy net leer om van hulle te hou en om saam met hulle te leef! Sy gaan nie insekdoder spuit nie. Sy spuit net lugverfrisser! Dis nou hierdie ma se weergawe.

Wat weet jy as kind oor hierdie ma se liefde vir goggas en die natuur? Veral julle kinders wat hier in die Levubu-vallei en nie in die stad bly nie! Terwyl sy so met haar lugverfrisser voor jou staan en haar waanbeelde oor goggas vir jou verduidelik, weet jy al klaar wat gaan alles in die huis inkom en hier saam met jou wees.

Want as die goggas nou eers lekker tuis is, wat kom agter die goggas aan? Paddas! Want goggas is paddakos. En dan? Wat kom agter die paddas aan? Slange! Want paddas is slangkos.

En jy weet al klaar as dit slangtyd is, gaan sy met haar lugverfrisser jou alleen met hierdie slang in die huis los.

**9.** Dit werk so! Pa kom by die huis en hy is mislik en lelik met jou as kind. Maar Ma loop en lugverfrisser spuit. Sy maak sy lelikheid en mislikheid mooi en verduidelik net hoe moeg hy is en hoe jy dit moet aanvaar en daarmee moet saamleef dat hy mislik is met jou. Maar jy weet klaar ná hierdie mislikheid, kom die geskreeu en gevloek. En sy gaan dan nog steeds met haar lugverfrisser spuit en verduidelik hoe goed dit vir jou is.

Maar jy weet al klaar dat ná die geskreeu, gaan hy jou seermaak. En wat maak sy dan met haar lugverfrisser wat alles mooipraat? Dan is jy en jou seerkry alleen.

Hoekom gooi mense insekdoders weg vir lugverfrisser in die huis? Want hulle hou meer van goggas as van kinders! Moet kinders leer om saam met goggas te leef, of moet goggas leer om nooit naby kinders in die huis te kom nie?

**10.** Al meer en meer dominees word ma’s wat die insekdoder weggooi in die kerk, en in die plek van die insekdoder, ’n lugverfrisser vir goggas spuit.

Hoe klink en ruik hierdie lugverfrisser wat hierdie dominees spuit?

Dit klink só! God is liefde. God is deernisvol. God is vol meegevoel en innigheid met ons in ons sonde. God straf nie sonde nie. Hy verstaan ons en het deernis met ons. Hy voel al ons swaarkry met ons en leef Hom in alles waarmee ons sukkel.

Daarom straf Hy ook glad nie sonde nie. Hy straf ons nie vir sonde nie, en ook nie Sy eie Seun nie.

Omdat God gladnie sonde straf nie, het Hy ook nie Christus enige straf, vloek of oordeel vir sonde laat dra nie. Want God kan nooit so liefdeloos wees om Sy eie Seun straf, oordeel en vervloeking te laat dra nie.

Hulle wil net hoor God het jou lief. Hulle wil niks hoor van Christus wat jou sonde, straf, oordeel en vloek in jou plek dra nie.

Wat is fout met hierdie lugverfrisser wat so van die kansels, in Bybelstudies, in skole en oor die radio en TV gesprei word?

Dit ruik baie lekker. Maar dit maak nie goggas dood nie. Dit maak nie sonde dood nie.

**11.** Hoekom maak hulle só? Spuit lugverfrisser van die kansels en verhoë af, en nie die Evangelie wat ’n lugverfrisser is wat sonde doodmaak nie?

Want die kennis van Christus is vir hulle ’n doodsreuk wat die dood bring.

Hulle het goggas lief. Hulle sonde is hulle liefdes en hulle wil nie hoor dat die Here die straf, oordeel en vloek gedra het vir dit wat hulle as hulle liefdes in hulle harte koester en uitleef nie. En omdat hulle goggas liefhet, begin hulle in die kerk vir jou wetenskaplesse oor die mens, sielkunde en aardrykskunde gee, sodat jy kan leer om met hierdie goggas saam te leef.

Hulle het goggas lief. Hulle sondige aard om sonder God en Sy wil te leef, is vir hulle die liefde wat God vir hulle moet hê: God moet hulle in hulle goddeloosheid die vryheid gun om hulleself te wees. Hy moet hulle nie in Christus se genade vasbind nie.

Daarom spuit hulle oor almal hierdie lugverfrisser: God het jou lief soos jy is; God verstaan jou soos jy is; God kry saam met jou swaar in die sondes wat jy doen en het begrip vir jou gesukkel om met Hom te leef; daarom gun God jou die vryheid deur jou lief te hê in en met jou losbandigheid, en spaar Hy jou die doodsreuk dat Christus vir alles wat jy so liefhet, moes gesterf het.

**12.** Wat weet ons van goggas? Wat weet ons van al hierdie liefdes van ons wat niks anders as sonde is nie? Wat weet ons van al hierdie wetenskaplike lesse dat ons goggas moet verstaan en aanvaar?

Goggas bring paddas, en paddas bring slange!

En dit is nou hoe dit in die kerk en in die land gaan met hierdie lugverfrissers!

Ons leef al saam met al die gevaarlike sondes, die slange in die land en in die kerk, en wanneer hulle ons bedreig, dan is hierdie dominees nêrens te vinde nie. Dan verstaan hulle al weer iets of iemand anders beter as ons.

Hoekom? Want hulle hou meer van goggas as van die kinders van die Here. Daarom wil hulle van die huis van die Here, die kerk, net nog ’n blyplek van goggas, paddas en slange maak.

Hulle gee regtig meer vir goggas, sonde en mense wat in sonde wil leef, om as vir die kinders van die Here.

**13.** Dit moet ons van die Evangelie van die Here ontdek en raaksien.

Wat vir ons lekker ruik, die kennis van Christus, is vir die wat verlore gaan, ’n doodsreuk.

Hulle wil nie hierdie kennis ruik nie. Daarom maak hulle sommer hulle eie kennis van die Here op, sonder dat dit die kennis is waardeur die Here sonde doodmaak.

Ons moet baie goed verstaan wat hierdie mense bedoel as hulle praat van hoe onderdruk hulle was, en hoe ons die onderdrukkers was en is.

Na 1994 het hierdie dominees wat lugverfrisser in die kerk spuit, dit hulle slagspreuk gemaak: die kerk het hulle onderdruk, en ons was hulle onderdrukkers. So praat hulle nou sommer die regering na en maak asof hulle nou ook bevrydes is, en ons die onderdrukkers is.

Wat voel hulle het hulle onderdruk?

Die Blye Boodskap het hulle onderdruk. Want die Blye Boodskap het vir hulle gewys Christus dra die straf, vloek en oordeel van alles wat hulle glo is hulle ware liefdes en ware self.

Daarom voel hulle Christus wat vir hulle sterf, onderdruk hulle ware menswees.

Nou wat het ons so verkeerd gedoen om hierdie mense so lelik te onderdruk soos wat hulle kerm en kla en stories oor hulle verskriklike onderdrukking oorvertel?

Ons het die kennis van Christus versprei! Daardie kennis wat vir gelowiges die lewensgeur is wat lewe wek, maar vir hulle die doodsreuk van die dood self is.

Wat gaan ons doen as reaksie op hierdie beskuldiging van onderdrukking?

Ons gaan aanhou om hulle regtig verskriklik baie te onderdruk! Op dieselfde wyse as wat ons hulle voor 1994 ook onderdruk het.

Ons gaan die kennis van Christus versprei! Ons gaan nie hierdie kennis ophou versprei omdat hulle hierdie Evangelie se doodsreuk wil toeskryf aan ons rassisme, ons ondemokratiese houding of ons ou volksheid nie, en hulle lugverfrisser wil bemark as die Blye Boodskap wat jou die vryheid vir en in jou sonde gee nie.

Ons gaan die kennis versprei dat Hy as Here in ons plek as sondaar behandel is, sodat ons in ons vereniging met Christus vir God se liefde reg en heilig is. Want ons deel in Christus se regverdigheid en heiligheid. Ons gaan in die vrede leef dat God ons goggas doodmaak en ons in Christus se plek as Sy kinders behandel.

En wanneer hulle kla dat hierdie kennis hulle doodmaak, hulle verwurg en verstik, dan gaan ons vir hulle sê dit is baie goed dat hulle in hierdie kennis verwurg en verstik.

Dit is wat die Here deur hierdie kennis met goggas maak.

Die Here sal self die kennis van Christus vir hierdie goddelose wêreld ’n doodsreuk laat wees. Want Hy het Sy kinders lief en laat hulle nie leef in ’n kerk vol goggas, paddas en slange nie.

Kom ons erken die dominees vir wie die Evangelie ’n doodsreuk geword het vir wat hulle is: goddeloos in Jesus se Naam!

Kom ons erken die Evangelie vir hoe God dit laat werk: dit is wierook vir die kerk, en 'n doodsreuk vir die wêreld.